

**Maandag 17 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 9:26 – 10:10**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 10:9 (OAV)**

### **God verander sy diensknegte se hart**

Samuel en Saul is alleen. Dan vat Samuel 'n kannetjie olie en gooi dit op Saul se kop uit. Op dié manier sê die Here vir Saul dat Hy hom gekies het om koning oor Israel te wees, en dat Hy hom vir sy werk as koning sal toerus. Dink net hoe verbaas moes Saul gewees het! God is en was nog altyd die Koning van sy volk, daar was nog nooit 'n mens as koning aangestel nie.

Israel bly God se besitting, maar Hy wil vir Saul gebruik om oor sy volk te regeer. Samuel gee vir Saul drie tekens wat bevestig dat God hom tot koning salf. Die eerste teken (vs 2) wys vir Saul dat hy nie verder na die donkies hoef te soek nie. Hy kan die verlede agter hom sit en op sy rol as koning fokus. Die tweede teken (vs 3-4) wys vir Saul daarop dat die Israëliete hom as koning sal erken. Die brode was deel van die offer wat die mense by die heiligdom in Bet-El gebring het. Die drie manne wat na Bet-El toe op pad was, sal dus nie hulle brode vir enige verbyganger gee nie, maar net aan iemand wat 'n hoë status het (soos bv. 'n koning). Die derde teken (vs 5-6) gee Saul die versekering dat God hom die nodige gawes en vermoëns sal gee om 'n leier vir Israel te wees.

Nadat Saul tot koning gesalf is en Samuel met hom gepraat het, het God vir Saul 'n ander hart gegee. Met ander woorde: God het Saul innerlik verander sodat hy sy werk as koning kon doen.

God gee aan gelowiges wonderlike tekens wat bevestig dat Hy ons verlos het en geroep het om sy kinders te wees. Dink vir 'n oomblik aan hierdie tekens ...

Nou verander die Heilige Gees gelowiges se harte om God se diensknegte te wees. Luister na God! Hy verander jou hart sodat jy Hom kan bely en sy dienskneg kan wees!

*Sing: Psalm 95:1, 4 (1936)*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)*